16

JAARGANG 23 | 7 NOVEMBER 2025



# VRY POS

KONINKRYKSTYD

LOER | LEES | LUISTER | LEER

NG Kerk Vrystaat

NG Kerk Vrystaat



Celicia McLean

# REDAKTEUR

## BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**

***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal | Stéphan van der Watt
Andries Gous | Enrico Casaleggio
Leon M Foot | Kobus Schoeman
*Die Aliwal Weekblad* | Craig Salzmann
*Kerkbode* | *CLF* | *Bybel-Media* | *Engo*
*TOIBO* | *Bybelgenootskap SA*

## KONINKRYKSTYD

In hierdie laaste weke van die kerkjaar vier ons steeds Koninkrykstyd (die tydperk na Pinkster (middel-Junie) tot die begin van Advent (einde November)) – 'n tyd waarin ons stil word en besin oor die Koninkryk van God wat reeds onder ons leef. Hierdie November kyk ons terug op God se getrouheid deur die jaar en vorentoe na die vervulling van Sy beloftes. Koninkrykstyd is 'n herinnering dat Christus reeds Koning is, selfs te midde van onsekerheid en verandering. Soos die seisoen stadig draai, nooi Koninkrykstyd ons om ons harte weer te rig op die Here se heerskappy – om te leef met hoop, met oorgawe, en met die wete dat Sy lig uiteindelik alles nuut maak.

## DAGBOEK DÍT

### KONTAK- EN INLIGTINGSESSIE GERONTOLOGIE NETWERK

**14 November** | 9:00 - 10:00 | GRATIS
NG Bloemheuwel, "Visnet-lokaal"

## VOLGENDE VRYPOS

Die laaste uitgawe van *VRYPOS* vir 2025 sal op **Vrydag 28 November** verskyn. Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

DIENS VAN BARMHARTIGHEID
**Mariëtte Odendaal** | *Rehabilitasie: waar genesing begin en hoop herleef*

## ARTIKELS 05

**05** | VENNOTE IN GETUIENIS | Missie Japan
**Stéphan van der Watt** | *Nuusflits: Amptelike terugvoer oor besoek aan Japan*

**07** | VENNOTE IN GETUIENIS | RICD
**Mariëtte Odendaal** | *Oosterlig Drukwerk – 'n gemeenskapsgedrewe onderneming*

**08** | VENNOTE IN GETUIENIS | DEGNOS
**Andries Gous** | *DEGNOS-dinge*

**09** | VENNOTE IN GETUIENIS | Islam
**Enrico Casaleggio** | *Wat was die Hervormers se siening van Islam? - Nr 1*

**10** | BEDIENINGSBEGELEIDING | VBO Netwerk
**Mariëtte Odendaal** | *Dink jouself gelukkig*

**11** | BEDIENINGSBEGELEIDING | VBO Netwerk
**Mariëtte Odendaal** | *Verantwoordelike hermeneutiek in die 21ste eeu*

**13** | BEDIENINGSBEGELEIDING | VBO Netwerk
**Leon M Foot** | *Hoe lyk die draaiboek van jou lewe?*

## MEDIATEEK 16

**Marthie Momberg** | *21 Voices from Israel and South Africa – Why the Palestinian struggle matters*

## UIT DIE FAKULTEIT 18

**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT**
**Kobus Schoeman** | *Werkswinkel vir gemeente-leiers van die DRCB*

## VERJAARSDAE 19

## EKOLOGIE 20

**Mariëtte Odendaal** | *Koop niks nuuts nie!*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 21

**21** | CLF- Week van gebed 2026
**23** | Advertensies

## VBO-GELEENTHEDE 24

## KERKBODE BROKKIES 25
## PUBLIKASIES 26

## WAT'S NUUS? 27
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 28

**Craig Salzmann** | *Slawe van die lewe of dienswerkers in die koninkryk?*

## KONTAK ONS 29



# Rehabilitasie:
## waar genesing begin en hoop herleef



**DIENS VAN BARMHARTIGHEID**
*Mariëtte Odendaal*

Elke mens het 'n storie – en soms loop daardie storie deur donker valleie van afhanklikheid en baie smart – maar in Bloemfontein, in die hartjie van die Vrystaat, is daar bakens van hoop waar 'n nuwe begin moontlik gemaak word ten opsigte van die ál groter wordende krisis van verslawing of middelafhanklikheid. Daar is hoop.

Die NG Kerk Vrystaat se Diens van Barmhartigheid bied graag ondersteuning aan gemeentes en individue om hulle in hierdie stryd by te staan.

In die groter Bloemfontein-omgewing is die volgende rehabilitasiesentrums geregistreer of in die proses om geregistreer te word: die Aurora Sentrum, Mondea Sentrum (Woodlands), Hope Again (Florisbad), Cherut Executive Recovery (Bainsvlei) en Galino House (Heuwelsig, in samewerking met Bloemcare).

In die keuse van 'n rehabilitasiesentrum is dit belangrik om jou te vergewis waarvoor só 'n sentrum wel geregistreer* is.

Daar is ongelukkig hartseer verhale waar ongeregistreerde intervensies en behandelings tot groot hartseer en skade gelei het.

### 'n Professionele span met 'n roeping

Om as sentrum geregistreer te kan word, moet daar 'n multi-professionele span wees wat die program aanbied en mediese diagnoses kan maak. Hierdie span sluit dokters, sielkundiges, maatskaplike werkers en ander gesondheidswerkers in – mense wat met kundigheid én deernis werk.

Dit verskil van die werk van persone wat in die omgangstaal *addiction counsellors* genoem word – mense wat self die pad van verslawing gestap het en nou ander middelafhanklikes ondersteun.

**Lees** meer »

Gerontologie
Betekenisvolle **veroudering**

# GRATIS

## Ek is bejaard, beskerm die grondwet my?

*Deernis, ons passie ...*



NG Kerk
Vrystaat

**RSVP** 20 NOVEMBER 2025
**082 783 0730**

# ANSO STEYN

Bestuurder van Ons Tuiste, Sentrum vir Bejaardes

| DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG |
| --- | --- | --- |
| 25 | 26 | 27 |

**NOVEMBER**

**9:00** TOT **12:00**

NG GEMEENTE
**HUGENOOT**

*Picardystraat 2,*
*Bayswater, Bloemfontein*

**Skakel aanlyn in by**
shorturl.at/F6dEK

# Nuusflits

## Amptelike terugvoer oor besoek aan Japan

VENNOTE IN GETUIENIS
Missie Japan
*Dr Stéphan van der Watt*

*Hierdie kort nuusbrief se doel is om u as ondersteuners op hoogte te bring van al die verwikkelinge hier by Missie Japan (MJ) asook om terugvoer te gee oor besluite wat geneem is tydens ons afgelope besoek aan Japan.*

Die afgelope jaar was 'n redelike besige tyd vir Missie Japan. In Maart vanjaar was dr Nico Mostert (uitvoerende amptenaar van Missie Japan), ds Gawie Gouws (sameroeper van Missie Japan se werwingskomitee) en dr Daniël de Wet (uitvoerende amptenaar van die Wes-Kaap Sinode se Getuienis Aksie) op 'n amptelike besoek aan Japan. Die doel van die besoek was om die nuwe *Mission Partnership Agreement* (MPA) te finaliseer en ook om te vergader met die Samewerkende Sending Kommissie van die Ring van Shikoku oor die huidige sendelinge se werk, asook oor hulle vroeëre versoek vir nog sendelinge (verkieslik 'n sendeling-egpaar) wat hulle moet aansluit by die werk in Japan.




Tydens die Maart-besoek is daar in-diepte gesprekke gevoer oor die profiel van voornemende sendeling-kandidate en die behoefte van die kerk in Japan. Daar is ooreengekom dat 'n gesamentlike werwingskommissie die proses sal hanteer.

**Lees** meer »



*Foto's verskaf*

# Position: Full time Missionaries to Japan
## Advertisement

Mission Japan (a joint Committee of the DRC Family and the Reformed Churches in SA) in collaboration with the Christian Reformed Church of Japan are hereby announcing that an official process is launched for the recruitment and calling (by Mission Japan) of a missionary couple(s) to work with the RCJ Shikoku Presbytery in Japan.

We hereby invite couples, not older than 35 years of age, to apply for this position. The applicants should have a vision, strong calling and commitment to world missions in general and specifically to Japan (where less than 1% of the population identify as Christian including Protestant and Catholic groups).

The suitable candidates will:

1. Be members of the DRC Family of churches or the Reformed Churches of SA;
2. Be in possession of a bachelor's degree in theology (B.Th. or B.Div. or M.Th. or M.Div.) or in their final years of studies;
3. Have a clear understanding of, and commitment to, Reformed Theology and the Reformed Presbyterian system of church governance;
4. Be Legitimized / Licensed ("gelegitimeer") within one of the DRC Family of churches or the Reformed Churches of SA;
5. Have proficiency in English (any TEFL qualifications or training will count in your favour).

The recruitment committee will review candidates that have:

1. A clear understanding, personal experience of and commitment to Jesus Christ as Lord and Saviour;
2. A Biblical and deep inner experience of being called by God into full-time cross-cultural missions in general (and specifically Japan);
3. Experience in, understanding of and a commitment to cross-cultural ministry and living in cross-cultural settings;

Our process:

We request that interested parties consider this opportunity prayerfully and, upon confirmation of the Lord, send an email to **applymissionjapan@gmail.com** showing their interest. A more detailed description of requirements and an application form will then be sent to interested parties. Applications will be received together with the requested documents and be reviewed by the recruitment committee. This committee consists of a South African team and a Japanese team.

*For more information regarding Mission Japan, click on the following link to our website: https://missionjapan.co.za*

Important:

1. All correspondence has to be in English. This includes the required documents such as copies of academic records etc.;
2. This is not a paid missionary position. Candidates will be required to raise support which is then managed by Mission Japan;
3. Ordained ministers become ordained missionaries / ministers in the Reformed Church of Japan;
4. This position requires that candidates learn to become fully proficient in Japanese. This is NOT an English ministry position.

**Foto:** *Chrisna Groenewald, Bestuurder: Oosterlig Drukwerk, NG Kerk Ooshoek, Bloemfontein (verskaf)*



**VENNOTE IN GETUIENIS**
RICD
*Mariëtte Odendaal*

# Oosterlig Drukwerk
## 'n gemeenskaps-gedrewe onderneming

"Ons bestaan nie net om produkte te lewer nie – ons bestaan om die Lig te bring, werk te skep en mense op te hef; álle wins word teruggeploeg om werkskepping moontlik te maak."

***Chrisna Groenewald***
***Bestuurder: Oosterlig Drukwerk***
***NG Kerk Ooshoek, Bloemfontein***

Sommige van ons was al so gelukkig om 'n lekker groot koffiebeker present te kry met 'n foto en persoonlike boodskap daarop van jou kinders, personeel of vriende; dit word jou geliefde koffiebeker. Of dalk het jy al 'n T-hemp of pet laat druk waarop jou lewensmotto gedruk staan; iets wat jou na aan die hart lê.

Vir baie mense is so 'n drukdiens op items egter nie altyd so maklik beskikbaar nie en moet jy dit dalk via die internet bestel. As jy dit egter sommer in jou eie buurt of omgewing kan laat druk, is dit soveel makliker én goedkoper.

As jy dan boonop aan 'n paar mense werk kan verskaf om so 'n diens moontlik te maak, word dit sommer gou-gou 'n bron van opheffingswerk – mense wat hul waarde besef en erkenning kry vir hul vaardigheidsontwikkeling wat daagliks toegepas word.

En dit is presies wat gebeur het toe die NG Kerk Ooshoek-gemeente in Bloemfontein met behulp van Elbie Conradie, bestuurder van Vennote in Getuienis se *Reformed Initiative for Community Development* (RICD), met Chrisna Groenewald, bestuurder van Oosterlig Drukwerk, begin handevat het. Die predikant van dié gemeente, ds Andreas Nieuwoudt, was deel van die stigting van hierdie projek in Augustus vanjaar en ondersteun dit sedertdien in 'n raadgewende hoedanigheid.

Maar hoe het dié projek nou eintlik prakties begin? Ons het meer daaroor gaan uitvind by die bestuurder van dié opwindende inisiatief, Chrisna Groenewald.

### Chrisna, waarom het julle gemeente besluit om Oosterlig Drukwerk in die lewe te roep?

"Ons het besef dat, as jy in 'n gemeenskap bly wat daagliks onder armoede en werkloosheid gebuk gaan, ons as gemeente moet uitspring en kyk waar en hoe ons 'n verskil in mense se lewens kan maak.

"Omdat daar in die algemeen 'n groot behoefte aan bekostigbare drukwerk op klere, geskenk-items en harde kopieë is, het ons dit as 'n gulde geleentheid aangegryp om so 'n drukdiens in die lewe te roep."

Lees meer »

VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
*Andries Gous*

# DEGNOS-dinge

## Liewe vriende van DEGNOS

### Goeie nuus uit: DEGNOS-sendelinge, opleiding en getuienis van God se werk

Ons was besonder bevoorregd om 16 van die DEGNOS-sendelinge hier in Grootfontein te kon verwelkom. Hierdie mans en vroue is ware draers van die Boodskap van Goeie Nuus, gestuur om lig te bring in hul gemeenskappe. Soos elke gelowige, is húlle ook geroep as gesante van ons Groot Koning — 'n herinnering dat ons almal 'n sending het in ons eie omgewing.

By hulle het ook twee sendelinge van Windhoek-Wes aangesluit, sowel as vier lede van die Ligpunt-gemeente in Pretoria. Dit was 'n tyd van bemoediging, toerusting en samekoms in die geloof.

### TWT-opleiding met ds Ivan Skinner

Ons is dankbaar om ds Ivan Skinner van *The Word Transforms (TWT)* by ons te kon hê. Hy bied intensiewe opleiding aan om elke gestuurde beter toe te rus vir hul roeping as draers van die Evangelie. Ds Skinner werk gewoonlik in Noord- en Wes-Afrika, en ons waardeer dat hy tyd kon inruim om by ons te kom dien.

Ons vra dat u vir elke student bid, dat hierdie nuwe kennis en materiaal vrug sal dra waar hulle leef en werk.

### Nuwe sendingveld: Die kerk buite die kerk

Dit word al hoe duideliker dat die nuwe sendingwerk vandag fokus op die toerusting van geestelike leiers. Die kerk groei vinnig buite die tradisionele strukture — dikwels selfs vinniger as binne formele gemeentes.

***Foto:** Opleiding van die 16 DEGNOS-sendelinge in Grootfontein (verskaf)*



Soos ons dit ervaar: *"Die kerk buite die kerk is groter as die kerk binne die kerk."* Dis hierdie gemeentes en gelowiges — buite die gevestigde kerkmure — wat dringend toegerus moet word met die waarheid van God se Woord, ongeag die koste.

### Oudit: Deursigtigheid en vertroue

Omdat ons met publieke fondse werk, glo ons vas aan volledige deursigtigheid en verantwoordbaarheid. Elke jaar word ons finansiële state professioneel geouditeer. Vir Tracey, wat die finansies vir al vier gemeentes én DEGNOS se projekte bestuur, is dit 'n groot en veeleisende taak. Sy beantwoord honderde vrae en sorg dat elke sent verantwoord word – met integriteit en toewyding.

Bid asseblief vir haar vir krag, wysheid en volharding in hierdie tyd van ouditwerk.

**Lees** meer »

# iSLAM

## Wat was die Hervormers se siening van Islam? | Nr 1

Tydens die Hervorming was die opmars van Islam baie in die nuus. Die opkomende Turkse Ottomaanse Ryk, wat sy hoogtepunt in die vroeë tot middel-sestiende eeu bereik het, het 'n ontstellende politieke en militêre bedreiging vir die Europese Christendom ingehou[1]. Hoewel die leërs van Europa die Turke in 1529 by die poorte van Wene teruggedryf het, het die feit dat die magte van Islam so ver in Christelike Europa uitgebrei het, die Europeërs dekades lank geskud.[2] Terwyl hulle hoofsaaklik teen die Rooms-Katolieke Kerk gestry het, het die Hervormers dus ook af en toe aandag aan Islam gegee. Benewens die bestudering van die aard van Islam, het die Hervormers nagedink oor watter lesse God wou hê die kerk moes leer uit die opmars van "die Turke" (destyds sinoniem met "Moslems").

Aangesien ons so pas Hervormingsondag gevier het, is hierdie onderwerp baie aktueel, naamlik hoe die Hervormers Islam beskou het.

*[1] Miller, M. How did the Reformers view Islam? https://learn.ligonier.org/articles/how-did-the-reformers-view-islam*
*[2] Bonnington, S. 2009. Calvinism and Islam. The Reformed Theological Review, vol. 68, nr 2, Augustus 2009*
*[3] **Campi, E.** 2010. Early Reformed Attitudes towards Islam. Theological Review 31 (2010):134*
*[4] **Campi, E.** 2010. Early Reformed Attitudes towards Islam. Theological Review 31 (2010):144*
*[5] Bullinger, H. 1574. Reply to Seven Charges. Aangehaal uit Stephens, W.P. Understanding Islam – in the light of Bullinger and Wesley, EQ 81.1 (2009):24*
*[6] **Calvyn, J.** Sermon on Deuteronomy, aangehaal uit Campi, bl. 146*
*[7] Campi, E. 2010. Early Reformed Attitudes towards Islam. Theological Review 31 (2010):146*

---

*'n Reeks Islam-artikels. Hierdie artikel handel hoofsaaklik oor die bekendstelling van kursusse wat aangebied word.*

Die Hervormers het Islam nie as een van die wêreld se groot godsdienste of een van die drie Abrahamitiese gelowe beskou nie. Inteendeel, hulle het hoofsaaklik Mohammed se leringe as 'n ketterse afwyking van die Christendom beskou.

Die woord kettery kom van die Grieks wat beteken "om te kies", en as sodanig hang 'n Christelike kettery nie die Christelike geloof as 'n geheel aan nie, maar kies eerder sekere elemente ten koste van ander. Wat oorbly, is iets wat nie meer as deel van die Christendom beskou kan word nie.

Islam, wat in die sewende eeu ontstaan het in 'n streek wat eens onder Christelike invloed was, het beweer dat hulle die oorspronklike openbaring van God, wat in die Ou en Nuwe Testament gegee is, behou het (hoewel hulle beweer dat dit gekorrupteer is). Hulle het 'n streng monoteïsme verkondig, asook 'n geloof in die onsterflikheid van die siel. Hulle het egter verskeie kern-elemente van die Christendom verwerp, hoofsaaklik die leerstellings van die Drie-eenheid en van die menswording van Christus. Hulle kies en keur dus uit Christelike oortuigings, soos ketters doen.

Die bekende Christelike teoloog van Sirië, Johannes van Damaskus, het gevolglik minder as 'n eeu ná die ontstaan van Islam, hierdie godsdiens as 'n kettery gekategoriseer.

**Lees** meer »


**BEDIENINGSBEGELEIDING**
VBO Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

# Dink jouself gelukkig

"Om jou gedrag en denke te verander, ís moontlik. Neuroplastisiteit – die brein se vermoë om nuwe verbindings te vorm – is 'n wonderlike stuk gereedskap tot ons álmal se beskikking, maar dit vereis herhaaldelike inoefening."

***Dr Pieter van Jaarsveld***

**Foto:** *Verskaf*




Op 30 September en 1 Oktober het dr Pieter van Jaarsveld, sielkundige en uitvoerende hoof van **Tandem Training**, 'n ringskommissiewerkswinkel in Bloemfontein vir ons Vrystaat-leraars aangebied.

As teoloog en geregistreerde sielkundige is sy opleiding, insigte en veral die **talle boeke** wat hy al oor die jare die lig laat sien het, vir iedereen van onskatbare waarde.

Ons het meer gaan uitvind oor hierdie erkende internasionale konsultant in die sakewêreld en welbekende spreker op radio en televisie.

## Pieter, vertel ons meer van jou agtergrond

"Ek is gebore in die Noord-Kaapse dorpie Pofadder, waar ek tot in Graad 10 skoolgegaan het. Daarvandaan is ek na Paarl Gimnasium vir Graad 11 en 12, aangesien dit nie in Pofadder aangebied is nie.

"Daarna het ek my BA, BA Hons in Sielkunde en later ook 'n MTh aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Ek het my doktorsgraad ook aan Stellenbosch behaal waar my navorsing op die mens se selfbeeld gefokus het – iets wat baie nou by my werk, destyds as predikant, en sedertdien ook as sielkundige, aangesluit het.

"My ervaring en belangstelling het my toe verder gelei na die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) wat vandag deel is van die Universiteit van Johannesburg, waar ek my Meestersgraad in Sielkunde voltooi het.

**Lees meer** »

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
VBO Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

# Verantwoordelike hermeneutiek in die 21ste eeu

*DIDASKO beteken "om te leer" en is die nuwe VBO-handelsmerk van die NG Kerk Vrystaat onder leiding van Bedieningsbegeleiding. Dit bied 'n vars, dinamiese ruimte waar ons sáám kan leer, kan groei en mekaar kan toerus vir diens in God se wêreld.*

*Die eerste onderwerp, **Verantwoordelike hermeneutiek in die 21ste eeu**, is via Zoom op vier verskillende Dinsdag-aande aangebied. Lees gerus hierdie kort, vereenvoudigde opsommings van die eerste twee aanbiedings deur prof Marius Nel, dosent in Ou Testament verbonde aan die Departement Ou en Nuwe Testament aan die Universiteit Stellenbosch en dr Nina Müller van Velden, dosent in Nuwe Testamentiese Studies aan die Universiteit van die Vrystaat (UV).*




## Tema 1: "Ingenooi in die eeue-oue gesprek met en oor God se verbondstrou"

(Matteus 20:28; 26:26-30)

Prof Nel het sy aanbieding begin deur te verduidelik wat met die woord 'hermeneutiek' bedoel word. Hermeneutiek handel eenvoudig oor die verstaan van die aard van die Bybel. Die Bybel is nie 'n artefak (soos byvoorbeeld die verbondsark of 'n altaar) nie, maar is 'n gespreksruimte wat vele vlakke van betekenis het. Dit is kompleks as gevolg van die verskillende genres waaruit dit bestaan, veral ten opsigte van die wyses waarop ons die Bybel interpreteer of verstaan.

Hy het verder verduidelik dat ons eintlik deel is van 'n eeue-oue dialoog en nie 'n monoloog nie; dis 'n gesprek met God, met mekaar, Jesus met die Skrif en die Skrif met die Skrif self. Elke keer wat ons die Bybel lees, neem ons eintlik deel aan 'n gesprek. Dis 'n dinamiese interaksie wat al vir honderde jare aan die gang is – 'n gesprek oor God se trou aan sy mense. Prof Nel gee erkenning aan Karl Kuhn se boek, ***Having Words with God: The Bible as Conversation***, wat hom met hierdie insigte gehelp het.

**Lees** meer »

## Tema 2: "Wie is familie? – Die aangenome huishouding van God in die Nuwe Testament"

(Matteus 12:46-50; Galasiërs 4:4-5; Efesiërs 1:4-6)

Hierdie sessie is aangebied deur dr Nina Müller van Velden, dosent in Nuwe Testamentiese Studies aan die Universiteit van die Vrystaat (UV).

Eerstens wys sy op die konflik wat oor die eeue heen konstant in kerklike geledere ten opsigte van Bybelinterpretasie bestaan. Sy verduidelik hoe dr Dirkie Smit se hoofstuk, Biblical hermeneutics in the 20th century in die boek ***Initiation into theology***, jou kan help om verskillende soorte konflik ten opsigte van Bybelinterpretasie te verstaan en respek te hê vir die verskillende aspekte daarvan, veral andersoortigheid.

**Lees** meer »



**GERRIT** CLOETE

# SINVOLLE PRODUKTIWITEIT

**Gedrewe produktiwiteit** | *vinnig, prakties, meetbaar*

NG Kerk Vrystaat



2 VBO-PUNTE

**19:00 - 21:00**

**11 NOV**

**Zoom-**
werkswinkel

*"PLAN YOUR WORK,*
***AND WORK YOUR PLAN"***

Productivity Pit Stop

Gerrit Cloete - stigter van *Productivity Pit Stop*, meester van sinvolle produktiwiteit, *sherpa* van kleinsake-gesondheid, en die enigste ou in Kaapstad wat Outlook, Teams en KI saam kan laat werk sonder om jou te laat huil.

*Brueggemann sê:*

*"Die wêreld vertel ons elke dag 'n verhaal van beheer, verbruik en vrees. Die Bybel vertel 'n ander een — van vertroue, vryheid en nuwe lewe. Die taak van die kerk is om hierdie ander verhaal te onthou, te vertel en te leef. Want net waar daardie verhaal gehoor word, kan mense weer leer om te glo dat iets nuuts moontlik is."*

# Hoe lyk die draaiboek van jou lewe?

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Uitvoerende Amptenaar
*Dr Leon M Foot*

**Die beroemde Ou Testamentikus Walter Brueggemann** wat 'n paar maande gelede op die ouderdom van 92 oorlede is, skryf in *Counterscript* (Christian Century 29 November 2005) dat die dominante Westerse draaiboek ons in die steek laat. Alle mense leef hul lewens volgens 'n draaiboek. Dis 'n soort verhaal of riglyn wat soms eksplisiet is, maar dikwels onbewus. Dit kan een van die groot meta-verhale wees wat Karl Marx of Adam Smith geskep het, of dit kan 'n stam- of familie-mantra wees soos: "My pa het altyd gesê ..." Die manier waarop 'n mens hierdie verhaal uitleef, vorm jou selfbeeld, gee 'n gevoel van betekenis, en bied 'n bepaalde veiligheid.

Brueggemann begin deur te sê dat die Westerse wêreld — insluitend die kerk, vasgevang is in 'n oorheersende verhaal wat alles bepaal. Hy noem dit 'n *therapeutic, technological, consumerist militarism*. Dit is *terapeuties* deurdat dit 'n produk, of 'n proses of behandeling het vir elke moontlike pyn of ongemak sodat ons sonder ongemak kan lewe; dit is *tegnologies* omdat dit voorhou dat menslike vernuf elke probleem kan oplos; dit is *verbruikersgerig* omdat ons in 'n kultuur leef waar ons glo dat die hele wêreld en al sy hulpbronne tot ons beskikking is sonder om ons naaste in ag te neem; en dit is *militaristies* omdat die sisteem deur geweld of mag beskerm word.

Hierdie verhaal is so met die alledaagse vervleg dat ons dit nie eers opmerk nie. Dit word in advertensies, politiek, opvoeding en selfs godsdiens herhaal. Die resultaat is 'n vals gevoel van sekuriteit in 'n lewe sonder kritiese denke. En hoekom sal ons ons draaiboek bevraagteken – dit is dan alles so tot ons (selfsugtige) voordeel!

**Lees** meer »

"Dit is die kerk se roeping om mense van hierdie vals draaiboek los te maak."



# VROUE KAMP

## 20 - 22 FEBRUARIE

*God roep jou*

Amanzi
PRIVATE GAME RESERVE

Met ons aanbieder van *eKerk*

## RUDOLF BOTHA

Roedolf het 'n Ph.D in Nuwe Testament verwerf by die Universiteit van Nijmegen (Radboud) in Nederland. Sy liefde vir die Here kry gestalte in sy passie vir die plaaslike gemeente, kerk- en geloofslos-mense asook die toerusting van leiers.

**Besprekings**

Marietjie van der Merwe
076 113 9601
vrouelidmate@gmail.com

vb
VROUEBEDIENING

**DOEN JY ADMINISTRASIE? HIERDIE IS VIR JOU!**

**ALLE** SKRIBAS | GEMEENTEBESTUURDERS | KERKKANTOORPERSONEEL
**NUWE PERSONEEL**

# SKRIBA OPLEIDING 2



## TERTIUS BOTHA

Fasiliteerder

NG Kerk Vrystaat

**’n Opvolgkursus waar ons kyk na wat alles na die Argief gestuur moet word en hoe om daardie inligting te verwerk en deur te gee.** Ons kyk ook oorsigtelik na die werksaamhede van die Sinodale kantoor, die POPI-wetgewing, die Kerkorde, die opstel van agendas en skryf van notules en die Bydraes vir Gesamentlike Werksaamhede.

## 20 NOV • R150

**NG Gemeente Koppies | 09:00**

Hoek van Kerkstraat en Tweede straat, Koppies, 9540


**VIR MEER INLIGTING** (051) 406 6700 tbotha@ngkvs.co.za

# MEDIATEEK

# 21 VOICES FROM ISRAEL AND SOUTH AFRICA

**Marthie** Momberg

## *Why the Palestinian struggle matters*




Hierdie omvattende boek van Momberg dra die subtitel *"Why the Palestinian struggle matters"*. Nie 'n gemaklike tema nie, nie een waaroor mense sommer wil lees nie, maar so nodig. Soos Breyten Breytenbach in 'n brief aan die outeur skryf: *Let us not be allowed to pretend we did not know of this crime against humanity*.

Ons mag verskil oor die oorsprong van – en die oplossing vir – hierdie konflik-geteisterde landstreek. Ons kan egter nie ons oë sluit vir die onbeskryflike menslike tragedie wat voor die oë van die hele wêreld afspeel nie. As lidmate van 'n kerk wat sy aandeel aan die lyding van apartheid bely het, behoort ons sensitief te wees vir hierdie saak.

Momberg gee 'n kort oorsig oor die geskiedenis en volg dit dan op met gesprekke met 21 uiteenlopende persone waarin hulle persoonlike ervaring vertel word: Suid-Afrikaners, Jode, Palestyne. Sommige woon in SA, ander in Israel of Palestina; sommige is godsdienstig, ander agnosties.

Die boek is uitdagend. Baie van ons voorafopgestelde idees word uitgedaag: die onderskeid tussen Sionisme en Judaisme, die verskil tussen die Bybelse Israel en die moderne staat met dieselfde naam.

Vir Christene wat die liefdesgebod neem as riglyn, is dit noodsaaklik om te lees oor wat in Israel aangaan.

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Mediateek
*Dr Leon M Foot*

### MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**




KOUGOM IS MET TROTS AANGEBIED DEUR

WAYPOINT STUDENT MINISTRIES — NG Kerk Vrystaat

# ALLE MATRIKULANTE

As jou ná-skoolse reis jou volgende jaar na Bloemfontein bring, hoop ons om jou op die Kougom-kamp te sien.
Dit is jou wegspringplek om saam met medegelowiges die avontuur van student-wees binne te gaan.

## 23-26 JANUARIE 2026 | RETIEF-KAMPEERTERREIN

## R990 PER / KAMPEERDER

**https://www.kopanongministry.org/kougom**

Verdere inligting en inskrywings

Aangebied deur "Waypoint", die sinodale studentebedieningsnetwerk van die NG Kerk Vrystaat

**SIEN UIT OM JOU TE ONTMOET - DIE KOUGOMSPAN**

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

Nagraadse Studies

# Werkswinkel vir gemeenteleiers van die DRCB

Inspiring excellence. Transforming lives.



**Prof Kobus Schoeman,** *navorsingsgenoot in die Departement Praktiese en Missionale Teologie, UV*

VISION 130 Renew and Reimagine for 2034

## Die "Dutch Reformed Church in Botswana" (DRCB)

Die "Dutch Reformed Church in Botswana" (DRCB) is die oudste susterkerk van die NG Kerk buite die grense van Suid-Afrika. Die DRCB is oor twee jaar 150 jaar oud. Die sinodes van die Vrystaat en Noord-Kaapland het 'n lang verbintenis met die DRCB.

Die DRCB het die afgelope jaar of twee begin worstel met die groei van die kerk en gemeentes. Ds Thapelo Boikanyo is leier van 'n taakspan in die DRCB om gemeentes te help nadink oor groei. In 2024 het die taakspan besluit om aan die "Church Life Survey" (CLS) deel te neem.

Die gemeentelike deelname was baie goed en 16 (uit 21) gemeentes het die CLS-opname voltooi.



Voor sit ds Christo Jonck (Predikant in Sinodale Diens – Noord-Kaapland), ds Thapelo Boikanyo en prof Kobus Schoeman wat die werkswinkel aangebied het.

Die leiers is toegerus om die inligting wat in die gemeentelike verslae is in hulle eie gemeentes te gebruik om groei te fasiliteer. 'n Opvolgwerkswinkel word vir middel 2026 beplan sodat die leiers terugvoer kan gee en die proses kan voortgaan.

Lees meer »

# VERJAARSDAE




ngkerkvrystaat.co.za

Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

## NOVEMBER

| | |
|---|---|
| Ds Marthiens Heymans<br>BLOEMVALLEI | 08 |
| Ds Leon Oosthuizen<br>LANGENHOVENPARK | 09 |
| Dr Jan de Man<br>VILJOENSDRIF/TAAIBOSSPRUIT | 12 |
| Mev Naomi Sereeco<br>MOOIGENOEG KAMPTERREIN | 12 |
| Dr Gretha Heymans<br>FAURESMITH | 12 |

| | |
|---|---|
| 13 | Ds Fanus Coetzee<br>SENEKAL |
| 16 | Ds Gerrit Strydom<br>REITZ |
| 21 | Ds Ulrich Ohlhoff<br>HARRISMITH |
| 22 | Ds Michael Rautenbach<br>UNIVERSITAS-WES |



# Koop niks nuuts nie!

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

## Kom in November klaar met wat jy het

### Wanneer is genoeg genoeg?

In 2010 het 'n eenvoudige maar kragtige beweging, *Buy Nothing New Month*, in Brittanje begin. Die doel van hierdie beweging was om mense aan te moedig om vir een maand geen nuwe produkte aan te skaf nie — nie as 'n straf of beperking nie, maar as 'n geleentheid om ons as verbruikers anders te help dink oor die bevrediging van ons koopbehoeftes.

Die beweging het gou wêreldwyd aandag begin trek en vandag sluit mense in verskeie lande by hierdie beweging aan wat jaarliks in November plaasvind. Dit is die maand waarin jy besluit: "Ek koop hierdie maand niks nuuts nie."

### Wat behels dit?

*Koop-niks-nuuts-nie* gaan nie daaroor om heeltemal niks te koop nie. Kos, medisyne en noodsaaklike items bly natuurlik deel van die alledaagse lewe. Die uitdaging lê daarin om nie nuwe materiële besittings soos klere, meubels, toestelle of luukse artikels te koop nie, maar om te kyk wat jy reeds beskikbaar het en dit te gebruik.

**Lees** meer »

DIE ALIWAL WEEKBLAD 31 OKTOBER 2025

# 160 JAAR GESKIEDENIS

Die Ring van Smithfield het op Sondag, 26 Oktober 2025, geskiedenis gemaak toe die Vrystaat Sinode haar 160-jarige bestaan met 'n feestelike erediens gevier het.

Lede van die 8 gemeentes uit die Ring het saamgestroom om hierdie historiese mylpaal te vier. Dit was 'n dag waarop ons kon terugkyk met dankbaarheid, maar ook vorentoe met hoop.

Dr. Pieter van Jaarsveld het die erediens behartig *met die tema, "Strome van seën uit God se hande".*

Dit het elkeen herinner aan ons rol as kinders van die lewende Here – dat die stroom daagliks by ons verbyvloei en ons kan kies om uit te mis *(en dan uiteindelik te verdroog en te sterf)* of ons kan kies om deel te wees en so groei en lewe bemoedig waar ookal die Here ons stuur.

Die boodskap van dankbaarheid, eenheid en roeping is een wat aan elkeen gerig is.

Die feesdiensgangers is bederf met Dewetsdorp se koor o.l.v. mev. Van Coller, asook plaaslike lidmate wat hul gawes kon gebruik tot eer van God se Naam op hierdie besonderse dag. Lied 510 *(Genade onbeskryflik groot)* het lanklaas soveel hoendervleis veroorsaak, dit was of ons elke woord opnuut verstaan het.

'n Hoogtepunt was natuurlik toe die diakens tydens Nagmaal met bekommerde gesigte nog kelkies moes skink, sodat niemand oorgeslaan is met die wyn nie. Die Feesdiens getuig sowaar van 160 jaar se oorvloedige genade!

Die Vrystaat Sinode het oor dekades heen 'n groot bydrae gelewer tot die geestelike en gemeenskapslewe van die streek. Vandag bly haar roeping dieselfde: *"Lig in die duisternis. Hier vir God, mekaar en die wêreld."*

Na afloop van die Feesdiens kon elkeen saam kuier om die braaivleisvure voor elkeen weer vol hoop, geloof en liefde teruggekeer het na hul huise.



V.L.N.R
Ds Horace van Coller (Dewetsdorp), Mev Karen Pienaar (Edenburg), Dr Gerdrie van der Merwe (Kerkhistorikus), Dr Pieter van Jaarsveld (Bloemfontein), Ds Hennie van Wyk (Smithfield), Ds Johnny van Zyl (Hobhouse), Ds Werner Burger (Zastron), Ds Nadine van Rooyen (Rouxville), Mnr Pieter Grobbelaar (Bethulie), Mnr Schalk Jacobs (Wepener)




"Vanjaar fokus ons op die sewe gemeentes van Openbaring (hoofstukke 2 en 3) — sewe kort briewe wat Christus self aan sy kerk rig. Hierdie briewe is tegelyk histories, profeties en diep persoonlik: dit spreek ware gemeentes in die eerste eeu aan, maar hulle boodskap weerklink tot vandag toe. Die sewe gemeentes — Efese, Smirna, Pergamum, Tiatira, Sardis, Filadelfia en Laodisea — vorm 'n simboliese geheel. In die Bybel dui die getal sewe dikwels op volheid of volledigheid; daarom verteenwoordig hierdie briewe nie net sewe plaaslike gemeentes nie, maar die volledige Kerk van Christus deur alle tye en plekke. Christus se woorde is dus nie beperk tot daardie gemeentes nie, maar bedoel as 'n spieël vir elke geloofsgemeenskap: "Laat wie ore het, hoor wat die Gees vir die gemeentes sê." Lees gerus die inleiding vir meer inligting.

# Jaarboek

## van die Nederduitse Gereformeerde Kerke

*Jaarboek 2026* bevat die sinodale, rings-, gemeente- en predikante-inligting van die NG Kerk, NG Kerk in Afrika, Reformed Church in Africa en familiekerke in die buiteland.




### e-Jaarboek op missio.org.za

*e-Jaarboek 2026 is as 'n gebruikersvriendelike digitale weergawe beskikbaar vir slegs R299.*

***Kry met 'n jaarlikse subskripsie toegang tot die e-Jaarboek op www.missio.org.za***

### Bestellings is nou oop!

**Jaarboeke is beskikbaar vanaf Desember 2025**

## Bestelvorm

### #1 Aantal boeke en CD's

* Vul getal in toepaslike blokkie(s) in
* Alle pryse sluit BTW en verpakking in

| | | | |
|---|---|---|---|
| ☐ | Jaarboek 2026 | **@R399 elk** | **= R ...........** |
| ☐ | CD-weergawe | **@R299 elk** | **= R ...........** |
| ☐ | Boek & CD | **@R499 per stel** | **= R ...........** |
| ☐ | Koerierkoste | **@R99** | **= R ...........** |

**Totaal =**

### #2 Betalingswyse

☐ **Plaas op rekening van** ........................................

☐ **Direkte inbetaling aan** CLF Uitgewers, ABSA Bank, Reknr 470 188 499, Takkode 632005.

**E-pos bewys** aan bestel@bmedia.co.za

**NB: Gebruik een van die volgende as verwysingsnommer:**
Rekeningnommer + JB **OF** Gemeentenaam + JB

### #3 Afleweringsadres

*Vul die inligting in vir waar aflewering moet plaasvind

**Pos aan gemeente/instansie/individu:**

........................................

**Adres:** ........................................

........................................

........................................ **Poskode:** ............

**Telefoonnommer:** ........................................

**Bestelling geplaas deur:**

........................................

## Plaas jou bestelling

**E-pos:** bestel@bmedia.co.za
**WhatsApp:** 079 881 2729
**Webblad:** www.bybelmedia.org.za

BM Bybel-Media


TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE
Geskenk van Ho
Projek Volmagie
Kontantdonasies & skenkings welkom
Sperdatum: 10 Nov
In die aanloop tot die Kerstyd ons aan die ongeveer 500 behoeftige kinders wat afhanklik is van kruidenierspakkies vir die vak wanneer hulle nie by die skole g kan word nie. Kom deel jou tafe dié wat dit so nodig het.
Volg ons WhatsApp kanaal
TOIBO CARES4 LSEN
ABSA TJEK-REK 020 840 145 TAK 632005 Verwy


esprek s gid
IR R120 SAAM MET REAL LEWE-
HUIS GELOOF
R70
Op pad Met God
HUIS GELOOF
R70
www.bybelmedia.org.za


Leer, Speel en groei
SAAM IN GELOOF
My eerste speel-en-leer Bybel
In My eerste speel-en-leer-Bybel leer ken kleuters en kinders die 100 belangrikste verhale in die Ou en die Nuwe Testament en ontmoet 50 van die bekendste mense in die Bybel.
Hulle leer ken stories van Noag wat 'n ark gebou het, Dawid wat 'n groot reus verslaan het, Saggeus wat in 'n boom geklim het en Paulus wat ver gereis het om vir mense van Jesus te vertel.
By elke storie is daar 'n prettige aktiwiteit. Speel-speel leer ken kleuters en kinders die Bybel en ontdek hoe lief Jesus vir hulle is.
'n Bybel in 'n kind se hand is die fondasie vir 'n leeftyd saam met Jesus.
BM


Thank You
very business, school and indivi
Engo
helping us to Colour some
ams this Omgie Civvies day.


Kom geniet 'n lekker beder
GHOLFDAG
n bate van CTK Kinder- en Jeugsorgsentr
VRYDAG 14 NOVEMBER 2025
The Clarens Golf & Leisure Estate
2-Ball-Scramble Drive
R1200 per 2 Bal
Halfweg & Aandete Ingesluit
Engo
eindrich Dyer by: (072) 247 1376 | ctkgolfday.team@gmail.co


KERSFEES IS OM DIE DRAAI
A5 DA
R299
A4 DA
R399
RF JOUSELF OF IEMAND
IAAL MET 'N GESKENK
INSPIRASIE VIR 2026


Kersfees
BELUITVERKOPING
AFRIKAANS
1933/1953-vertaling
R192*
Volledige Naslaanbybel, mediumgrootte, swart hardeband met maklik om te lees uitleg.
40% afslag
www.bibleshop.co.
www.bybelgenootskap.co.za


siNDEBELE
Bible Back in stoc
IBHAYIBHELI ELICWENGILEKO
R699
Kindly contact
sales@biblesociety.co.za
regarding discount
www.biblesociety.co.za


Kersfees
BELUITVERKOPING
DIE BYBEL
AFRIKAANS
2020-vertaling
R250*
Kontak asseblief
sales@biblesociety.co.z
betrekkende afslag
60% afslag
www.bybelgenootskap.co.za

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




### SINVOLLE PRODUKTIWITEIT PIT STOP

11 November

2 VBO-punte

19:00 - 21:00
Zoom Werkswinkel
Gerrit Cloete

Lees meer +
**Skakel in** +




### BERADINGSKURS USHULP AAN DIE HELPERS

18 November

5 VBO-punte

R275 p/p, 09:00
Aanlyn Zoom
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +





### WAT IS HIERDIE DING WAT ONS GODSDIENS NOEM?

19 November

10 VBO-punte

R300 p/p, 09:00
Aanlyn Webinaar
Prof Jaco Beyers

Lees meer +
**Registreer** +



### JAARKURSUS IN PASTORALE SORG

2025 - 2026

55 VBO-punte

'Die pastor in krisis'
Twaalf modules
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

kerkbode BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



'Daar lê geweldige krag in gemeenskappe' sê MathMoms-stigter deur US vereer

*31 Oktober 2025*
*Kerkbode, Nuus*
*Heléne Meissenheimer*



Die rol wat die kerk speel in die verhouding tussen die Christelike geloof en kultuur

*30 Oktober 2025*
*Kerkbode*
*Artikels*



Getuienis: 'God stap saam met ons,' vertel vrou van droogtehulp-dominee wat nou teen kanker stry

*28 Oktober 2025*
*Kerkbode, Nuus*
*Heléne Meissenheimer*



Video: Kaapse gemeente poog om solidariteit te toon deur gasheer te speel vir Francesca Albanese in brandpuntgesprek oor Israel en Gasa

*27 Oktober 2025*
*Kerkbode, Nuus*
*Le Roux Schoeman*



#ViaBaviaans: Stappers verras deur ruwe skoonheid en terloopse samesyn + Pelgrimsroete brei uit en kronkel altesaam 800 km

*23 Oktober 2025*
*Kerkbode, Artikels*
*Heléne Meissenheimer*




Elders gesien

Toe laat die begroting die 'poppe dans'

*22 Oktober 2025*
*Kerkbode*
*Nuus*


Google Play kerkbode.christians.co.za App Store




**R180**

## Sister Kockie
## *– A full life in service*

*Sister Kockie: A Full Life in Service* is the biography of Catherina Maria "Rene" de Kock (1923–2021), a missionary nurse of the Dutch Reformed Church. Written by Annalette Perold, who knew her since childhood, the book records Kockie's lifelong dedication to healthcare and missions. From her early work in the Transkei from 1947 – often traveling on horseback to reach rural patients – to her pioneering role as the first matron of Cala's tuberculosis hospital and later service at Sterkspruit during political unrest, Sister Kockie's career was marked by resilience and faith. The biography paints a portrait of a devoted, energetic woman whose life embodied service to God and others.




**R700**

## *Survey of Presbyterian Mission History in Africa 2*

*A Survey of Presbyterian Mission History in Africa, Modern Beginnings (c.1940s to c 2020s)* is the second volume on the history of Presbyterian mission endeavours in Africa. It follows on from an earlier volume on *Historic Beginnings (c.1790s to c.1930s)* and forms part of the Africa's Burning Bush Series. Both volumes were edited by Jack C Whytock. *Volume Two* gives a compre-hensive survey of developments in the Presbyterian mission to Africa since World War 2. It narrates how the fracturing of global Presbyterianism produced renewed waves of missionary out-reach, while historic Presbyterian churches focused more on building relationships and partnerships with existing churches in Africa.




**R195**

## Waarom is nie altyd daarom nie – *Job*

*WAAROM IS NIE ALTYD DAAROM NIE — Job vir elkeen van ons* bied 'n vars, toeganklike en diep menslike lees van die boek Job. Pieter van Jaarsveld gebruik die natuurlike struktuur van die Bybelboek om Job se worsteling met lyding, geloof en die vraag "Waarom ek?" eerlik te verken. Hy wys dat daar nie altyd maklike antwoorde op ons "waaroms" is nie, maar dat God steeds getrou en teenwoordig bly — selfs in stilte en pyn. Hierdie boek nooi lesers om self oor God se betrokkenheid te dink en bied troos, wysheid en nuwe perspektief vir almal wat met geloofsvrae worstel.

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

## Gemeentegebeure

Kalender | Belangrike datums

**KALENDER**

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer hier

**VAKATURES**

**AFLOS**

## Interaktiewe Dagboek

Deel jou dagboek hier

**DAGBOEK**

woes@mweb.co.za
023 342 6030

**VAKATURES**

**AMPTELIK**

## AMPTELIKE PREDIKANTENUUS

**Wanneer moet ek wie van leraarskuiwe of kerkvergaderings verwittig? Hoe bewoord ek daardie kommunikasie? Waarheen stuur ek Amptelike nuus uit my gemeente?**

Die antwoord is eenvoudig!

Stuur vir ons 'n e-pos na
**kerkbode@tydskrifte.co.za**




HULPBRON OPGEDATEER: SÓ WERK AMPTELIKE NUUS OOR PREDIKANTE WAT SKUIWE

Deur Kerkbode / 3 Julie 2025 / Amptelik

## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS

# Slawe van die lewe of dienswerkers in die koninkryk?

**ALGEMEEN**
Leraar van
NG Gemeente Heuwelsig
*Ds Craig Salzmann*



***Foto:*** *Ds Craig Salzmann en sy gesin (verskaf)*

*“Is ons slawe van die lewe of dienswerkers in die koninkryk?”*

Werk, vergaderings, buitemuurse aktiwiteite, skoolkar ry, jaarafsluitings, prysuitdelings, eksamens, kerssangdienste ... ’n groooot sug, maar nie noodwendig een van verligting nie! Of wag, is dit juis ’n sug van vreugde?

Onlangs, tydens ’n informele aandiens, vra iemand die baie waardevolle vraag: “In ’n wêreld wat besig is met programme en nie lyk asof dit enigsins rustiger gaan raak nie, hoe help die Bybel ons om ons tyd te bestuur?”

My kollega antwoord met baie wysheid uit Matteus 6: *“Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.”*

Hierdie vraag en antwoord resoneer die afgelope tyd in my gedagtes.

Om dit te verstaan moet ons ver, ver teruggaan in die Bybel na Eksodus, toe die Israeliete in Egipte gewoon het. Onder die heerskappy van die Egiptenare het hulle swaar getrek en moes kliphard werk. Klippe kap en klippe kou. Daar was eenvoudig nie tyd vir rus nie.

Net voor die eerste plaag tref, stuur die Here vir Moses met hierdie woorde na die farao: *“Die Here die God van die Hebreërs het my na jou toe gestuur met die opdrag dat jy my volk moet laat gaan om My in die woestyn te dien, maar tot nou toe het jy nie gehoor gegee nie.”*

Hulle moes so hard as slawe werk dat hulle nie eers tyd gegun was om die Here te dien nie.

Toe die Here later die tien gebooie aan die Israeliete gee, is die vierde gebod dat die sewende dag as ’n gereelde rusdag geheilig moet word. Die Israeliete moes op daardie dag doelbewus onthou dat alles nie rondom harde werk, die ekonomie en menslike vermoë funksioneer soos in Egipte nie. Nee, dit funksioneer rondom die Here as middelpunt van alles, en op die rusdag dink ons doelbewus aan die Here se teenwoordigheid in ons lewens.

**Lees** meer »



# KONTAK ONS

## REDAKSIE

### SAMESTELLERS

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Juan du Toit, **skakel@ngkvs.co.za**

### LUISTER-ARTIKELS

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

### PROEFLESERS

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

**Ligdraers tot eer van God.**

Oosterlig
DRUKWERK/PRINTERS

**PASGEMAAKTE DRUKWERK vir jou... én vir 'n groter doel.**

Ons druk ons nie net op bekers, T-hemde en sleutelhouers nie — ons druk **HOOP**.

Elke bestelling help om werk te skep, mense op te hef en lig te bring in ons gemeenskap van Ooshoek.

## Wat druk ons?
## Jy sal verras wees!

- T-hemde
- Pette
- Koffie Bekers
- Legkaarte
- Kussings
- Notaboeke
- Sleutelhouers




EN nog vele meer!

**Wanneer jy by ons bestel:**

👉 skep jy werk
👉 dra jy hoop
👉 deel jy lig

**Bestel nou:**

CHRISNA
+27 64 602 5261
Ooshoek Kerk, Bloemfontein.

**Ons druk dit soos jy dit wil hê!**



NG KERK VRYSTAAT | © 2025

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING